

6 September

**Skrifgedeelte: 1 Konings 9:1-10:13
Fokusgedeelte: 1 Konings 9:8; 10:9**

God is groot in sy genade en groot in sy oordeel

Die tempel staan in al sy glorie daar. Salomo het gebid, die Here het geantwoord: Hy is tevrede met die woning vir sy Naam. Hy waarsku egter ook: as Israel van Hom af wegdwaal en afgode dien, sal Hy nie skroom om hierdie einste tempel te verwoes en 'n puinhoop te laat word nie. Mense (die heidense volke rondom Israel) sal dan verstom staan en fluit van verbasing oor wat die Here gedoen het. Salomo word 'n groot koning. So groot dat die koningin van Skeba ook as 't ware fluit van verbasing oor wat die God van Israel vir sy volk en koning gedoen en gegee het. So sien ons vandag nog God se werke in sy kerk. Wat Hy aan sy kinders gee, is verstommend. Natuurlik verstaan die wêreld nie altyd met watter kosbare middel die kinders van God losgekoop is en watter ontsaglike geestelike rykdom God se kinders het nie. Miskien begryp ons dit self nie ten volle nie en sal eendag, as ons in volle heerlijkheid voor God staan, self ook van verbasing fluit oor wat ons alles in Christus ontvang het. Daar is egter ook talle gedooptes wat in die kerk al die rykdomme uit God se hand ontvang, maar dit minag. Daar is nie 'n werklike besef van die grootheid van God se goedheid en genade nie. Die Here sê in Hebreërs 10:28 en 29: "As iemand die wet van Moses oortree en twee of drie getuies bevestig dit, word hy nie begenadig nie, hy word doodgemaak. Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy kry wat die Seun van God verag het, die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is, geminag het en die Gees van genade beledig het?" God is groot in sy genade en groot in sy oordeel oor elkeen wat sy genade vertrap.

Sing: Skrifberyming 34:1

Ds PH Fick (Komatipoort)